

# St. Callistus

## 14 Oktober

(sterf c. 222)

Gebore as ‘n slaaf het hy maar al te goed geweet wat diensbaarheid beteken. Later bekom hy sy vryheid en word diaken waar hy die gevaarlike werk gehad het om die liggame van die Christen martelare te begrawe in die begraafplaas in Rome wat vandag nog sy naam dra. Hy word pous in ’n moeilike en uitdagende tyd van erge verdeeldheid binne die klein Christen geloofsgemeenskap. Hy het te kampe met ketterye, afvalliges en selfs ’n teenpous, maar deur sy verdraagsame houding slaag hy daarin om versoening te bewerkstellig. Hy word vermoor toe die Romeinse gepeupel vir die soveelste keer opgesweep is om Christene aan te val.

© Die Oratorium Uitgewery